



**Solidariteit  
Helpende Hand**

**FAKTORE WAT LEI TOT DIE  
VEREENSAMING EN ARMOEDE  
VAN BEJAARDES**

<b>Inleiding</b> .....	<b>2</b>
<b>Navorsingsmetode</b> .....	<b>2</b>
Opname deur Tuisgenote.....	2
<b>Resultate</b> .....	<b>2</b>
Profiel van 'n behoeftige bejaarde .....	2
Die finansiële situasie van behoeftige bejaardes .....	2
Die ooreenkoms tussen gesondheidsprobleme en armoede .....	3
Die uitdagings wat bejaardes in die gesig staar .....	4
Bejaardes se behoefte aan geselskap .....	5
<b>Gevolgtrekking</b> .....	<b>5</b>

## Inleiding

Bejaardes vorm 'n baie belangrike deel van ons samelewing, maar word dikwels deur siekte of armoede randfigure wat vereensaam. Solidariteit Helpende Hand het 'n studie onderneem oor die faktore wat daartoe lei dat bejaardes in moeilike omstandighede beland.

## Navorsingsmetode

### Opname deur Tuisgenote

Helpende Hand wil ten alle koste verhoed dat bejaardes in stilte swaarkry en het daarom die Tuisgenoot-projek geloods. Die Tuisgenoot-projek is daarop gemik om bejaardes by te staan met hulle daaglikse behoeftes. Tuisgenote koop bejaardes se kruideniersware, neem hulle dokter toe en kuier by hulle om hul eensaamheid te verlig.

Landwyd het Helpende Hand agt Tuisgenote wat na 364 bejaardes omsien. 'n Opname is onder die groep behoeftige bejaardes gedoen om uit te vind watter faktore tot hulle huidige situasie gelei het. Altesame 282 respondente het deelgeneem aan die studie. 'n Vraelys met 23 vrae is deur die behoeftige bejaardes wat deur Tuisgenote ondersteun word, ingevul. Die bejaardes is oor die hele land versprei.

## Resultate


### Profiel van 'n behoeftige bejaarde

Uit die bevindinge het dit geblyk dat daar meer vrouens (72%) as mans (28%) is wat in armoede verval. Verder is 41% van die bejaardes tussen die ouderdom 60-69, terwyl 37% van die bejaardes in die 70-79 groep val.

Die algemeenste beroepe wat die bejaardes vroeër bekleed het, was by staatsinstellings, in fabriek en sommige was tuisteskeppers. Ander beroepe wat genoem is, is kassiere in die kleinhandel en 'n paar het aangedui dat hulle verpleegsters was. Een van die vernaamste redes waarom hierdie bejaardes hulle werke verlaat het, is om 'n gesin te begin. Dit was die norm vir baie vrouens om nie 'n werk te hê nie en die man was die broodwinner. Een van die redes waarom so baie vrouens in die groep teenwoordig is, is dus omdat die gade wat hulle finansiëel versorg het, nie meer leef nie en hulle dus nie meer op hom kan steun vir finansiële bystand nie.


### Die finansiële situasie van behoeftige bejaardes

Die bejaardes wat deel uitgemaak het van die studie ontvang almal pensioen, maar in 52% van die gevalle is dit die enigste inkomste waarvoor die huishouding beskik. In 27% van die gevalle is daar wel 'n tweede inkomste.



Die meerderheid (80%) ontvang slegs 'n SASSA-ouderdomspensioen. 'n Verdere 14% het hulle eie privaatpensioen en 5% ontvang ongeskiktheidspensioen. Slegs 1% van die bejaardes is in staat om steeds fondse op 'n gereelde basis te genereer.

Vir 3% van die bejaardes ontvang geld in die vorm van donasies van welsynsorganisasies en privaat individue. Helpende Hand is verantwoordelik vir 26% van die hulp, terwyl vriende en familie 30% van die hulp bied. Die meerderheid bejaardes (51%) ontvang egter geen hulp nie.



Toe die bejaardes gevra is of die pensioen wat hulle ontvang genoegsaam is, het 76% aangedui dat dit te min is. Die redes wat hulle aangevoer het, is dat die lewenskoste geweldig gestyg het. Behuising is deur die meeste uitgesonder as 'n baie groot uitgawe. Ongeveer 85% van die bejaardes ontvang 'n SASSA-toelaag van slegs R1500 per maand.

Die bejaardes sny geweldig op van hulle basiese behoeftes en tot soveel as 87% het nie 'n mediese fonds nie. Ongeveer 4% het 'n hospitaalplan en slegs 9% spandeer geld aan 'n mediese fonds. Fondse vir kos is ook baie beperk en die meeste (68%) eet slegs een of twee keer per dag. Een bejaarde het opgemerk dat hy "slegs eet as daar geld is vir kos".

Bejaardes het ook hulle kommer uitgespreek oor ouetehuse. Ongeveer 88% van die bejaardes het gesê dat hulle nie in 'n ouetehuis wil woon nie. Die hoofrede wat hulle verskaf het, was dat hulle dit nie in hulle huidige omstandighede kan bekostig nie.

### **Die ooreenkoms tussen gesondheidsprobleme en armoede**

Daar is 'n duidelike ooreenkoms tussen gesondheidsprobleme en armoede. Armoede, soos ons reeds aangedui het, lei daartoe dat die bejaardes nie toegang tot goeie mediese dienste het nie.

Gesondheidsprobleme is ook die grootste rede waarom bejaardes nie by hulle werk gebly het tot hulle afgetree het nie. Tot soveel as 33% het hulle werk verlaat weens hulle gesondheid, terwyl 39% gewerk het tot hulle afgetree het. Afleggings het 13% van die bejaardes hulle werk gekos en 14% het ophou werk om 'n gesin te begin.

Die gemiddelde bejaarde in die studie het 24 jaar gewerk. Die langste tyd wat iemand gewerk het, was 60 jaar en die kortste slegs 'n paar maande. Slegs 16% van die bejaardes het 40 jaar en meer gewerk (wat gewoonlik aftree-ouderdom sou wees). 52% van die bejaardes het meer as 20 jaar gewerk.

'n Interessante verwikkeling is egter dat baie min bejaardes (slegs 5%) ongeskiktheidspensioen ontvang. Moontlike redes hiervoor is dat hierdie tipe pensioen nie ontvang kan word as die persoon reeds ander staatshulp ontvang nie. Die pensioen vereis ook 'n mediese verslag wat aandui dat die persoon nie meer in staat is om te werk nie en moet ook jonger as 60 wees.

Bejaardes is wel baie bewus van die invloed wat hulle gesondheid op hulle lewens het. Daar is ook gevra of hulle voel dat hulle gesondheid hulle verhoed om na hulleself te kyk. Byna 50% van die bejaardes het saamgestem dat hulle gesondheid hulle keer om na hulleself te kyk.



**Die uitdagings wat bejaardes in die gesig staar**

Die grootste uitdagings of tekorte wat die bejaardes aangedui het, is die behoefte aan aktiwiteite saam met ander bejaardes. Nog 'n groot probleem is vervoer. Met slegs 28% van die bejaardes wat oor hulle eie vervoer beskik, moet 42% van openbare vervoer gebruik maak en is 30% afhanklik van iemand anders. Bejaardes het ook aangedui dat hulle stap om te kom waar hulle wil wees.

Wat behuising aanbetref, wil dit voorkom asof die bejaardes op hulle eie bly met meestal slegs een ander persoon in die huishouding. Hulle woon oorwegend in woonstelle en is baie negatief oor ouetehuse. Ongeveer 88% van die bejaardes het aangedui dat hulle nie belangstel om in 'n ouetehuis te bly nie. Van die 12% wat positief was oor ouetehuse het die meerderheid gevoel dat hulle dit nie kan bekostig om na 'n ouetehuis te gaan nie.

Met betrekking tot die bejaardes se gesindhede teenoor hulle omstandighede het omtrent die helfte hulle lewe as óf baie goed (12%) óf goed (37%) beskryf. 10% van die respondente het hulle lewe as sleg beskryf. Daarby glo 82% van die bejaardes dat die lewenskoste vergeleke met hulle inkomste hulle lewensgehalte benadeel.



## Bejaardes se behoefte aan geselskap

Bejaardes in die studie is gevra of hulle daarvan sou hou om meer geselskap en persoonlike kontak met ander mense te hê. Die meerderheid (68%) het aangedui dat hulle wel meer kontak wil hê. Aktiwiteite saam met ander bejaardes is ook uitgewys as een van die grootste behoeftes wat die bejaardes het.

Dit is interessant om daarop te let dat minder as 1% geldelike probleme as die grootste probleem uitgewys het. Verder het net meer as 1% aangedui dat kos hulle grootste behoefte is.

## Gevolgtrekking

- Die grootste armoede kom voor onder vroulike bejaardes tussen 60-69 jaar oud omrede hulle nie meer 'n gade, wat eens die broodwinner in die gesin was, nie meer daar is om vir hulle te sorg nie. Weens die politieke ideologie van die tyd bestaan die staatsmeganismes, bv. voldoende versorging in ouetehuse wat hierdie kwessies in die verlede aangespreek het, nie meer nie.
- Hulle het 'n gemiddeld van 24 jaar gewerk in staatsinstellings, fabriek en kleinhandel.
- Hierdie bejaardes voel baie sterk dat hulle pensioen nie genoeg is om hulle te onderhou nie, maar weet nie hoe om hulle inkomste aan te vul nie. Bejaardes ontvang ook nie hulp van buitelanders nie en moet dikwels vir meer as een persoon sorg met hulle pensioen.
- Hulle sien gesondheidsprobleme as een van die grootste redes waarom hulle in hulle huidige posisie is, maar die meeste van hulle beskik nie oor 'n mediese fonds nie en vervoer is 'n probleem. Hulle eet ook nie gereeld drie of meer etes per dag nie, dus is baie bejaardes nie in die finansiële posisie om hulleself te versorg nie.
- Omstandighede het so drasties verander in die laaste 22 jaar, met die staat wat sy verantwoordelikhede al hoe meer op nuwingsgewende en gemeenskapsorganisasies afskuif sonder voldoende beheer en kontrole en oneffektiwiteit onder die funksionaries in die staat. Vrees vir die omstandighede in tuis en soortgelyke instellings wek kommer onder die bejaardes en daarom stel hulle nie belang om in ouetehuse te woon nie.